# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 31 Julie 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds. Piet**

Hebreërsreeks Preek 16

Ons het verlede Sondag gehoor dat God 'n Heilige God is en dat ons na Hom moet luister en Hom met dankbaarheid en eerbied moet dien. Die woord "dien" wat in hf 12:28 gebruik word, is die woord waarvan ons woord "liturgie" afgelei word. "Liturgie" is die diens wat ons in die erediens aan God bring. (Kyk hier onder na die 4 "dienste" van ons liturgie vir vandag.)

Ons eerbiedige en dankbare diens aan God moet egter verder gaan as net hier in die erediens! Ons diens aan God moet veral in die "erediens van die lewe" gebeur waar ons in die praktyk van ons lewe elke dag ons eerbied en dankbaarheid uitlewe.

In die slothoofstuk maak die skrywer dan hierdie "erediens van die lewe" van toepassing op drie praktiese opdragte vir elke dag:

1. Naasteliefde op verskillende vlakke (verse 1 - 6)
2. Onderhouding van die waarheid deur onderhouding van woordbediening (vers 7 en 17 - 18)
3. Diens aan Christus as ons grootste Hoëpriester (verse 8 - 16)

Ons fokus vandag op die eerste opdrag: ons moet ons naaste van harte liefhê.

**Tema: Dien God deur jou naaste hartlik en opreg lief te hê!**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Lied 200:1, 3 en Lied 334: 1, 2, 3, 4

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Ps 116-1: 1, 5, 10; Votum; Seën; Loflied Sb 2-4: 1, 3; Geloofsbelydenis: Geloofsbelydenis van Nicéa

**Verootmoedigingsdiens**
Wet: 1 Joh. 4: 7 - 21; Sing as antwoord op die wet: Sb 9-3: 1; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Hebreërs 12: 28 - 13: 6
Teksverse: Heb. 13: 1
Sing: Sb 15-1: 1, 2, 3; Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Sing: Sb 14-1: 3; Gebed; Liefdegawes; Sing Sb 9-4: 1, 5, 6; Seën; Amenlied: Sb 13-1.

## 17:00 AANDDIENS: Ds. Piet

Ervaar jy ook soms 'n gevoel van onrus en ongedurigheid in jou binneste! Dat daar nooit stilstand en vrede in jou kom nie! Dalk het dit te doen met die sg. "rotresies" waarmee die lewe ons vasvang!

Maar dalk het hierdie gevoel van onrus met iets diepers te doen. Dalk het dit te doen met hoe jy oor jouself dink: dat jy net nie opweeg teen alles en almal nie! Dat jy nooit goed genoeg is nie en dat jy gedurig probeer om alles en almal tevrede te stel!

Nog dieper: dalk het hierdie gevoel van onrus te doen met hoe jy jou verhouding met die Here sien en beleef! Dat jy gedurig probeer om God tevrede te stel. Dis glad nie die aard van geloofslewe wat Christus vir ons verwerf het nie! Hy het vir ons innerlike vrede bewerk en as erfporsie nagelaat! Wat maak jy en ek dan nou daarmee?

**Tema: Christus het sy vrede vir ons as erfporsie nagelaat – eien dit vir jou toe!**

**Lofsang met die oog op die erediens**
Lied 188: 1, 2, 3; Ps 122–1: 1, 2

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied en votum: Sb 19–3: 1, 2, 3, 4; Seën; Loflied: Sb 4–6: 1

**Woorddiens**
Skriflesing: Johannes 14: 15 – 31
Teksvers: Joh. 14: 27
Sing: Sb 11–3: 1, 7 (Alternatiewe mel Sb 16 – 1); Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Gebed; Liefdegawes; Sing Ps 128–1: 4 (Vervang woorde "jou" en "jy" met "ons"); Seën; Amenlied Sb 13–2.

## MEELEWING

- Douw Kruger ondergaan more 'n operasie in Medikliniek.
- Johan Faasen is ontslaan en sterk tuis aan.
- Corrie du Plessis het Donderdag sy eerste chemoterapie ondergaan. Hy moet vir 6 maande elke twee weke chemoterapie ontvang.
- Elsie Ferreira se swaer is oorlede. Ons bid haar en hulle familie die Here se troos toe.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage en Bettie Niemand.

## LOSMAKING UIT DIE AMP VAN OUDERLING

Die kerkraad verleen eervolle losmaking uit die diens van ouderlinge aan br. Corrie du Plessis. Hy het vir langer as 10 jaar as ouderling van Groep 1 gedien.

Sr Corrie het ook as Groepsuster in Groep 1 gedien en sy gaan ook nou eers saam met Corrie fokus op sy behandeling. Baie dankie aan altwee van julle vir julle toegewyde dienswerk en ons bid julle sterkte toe.

## ONDERSOEK NA DIE MOONTLIKE OPRIGTING VAN 'N GEBOU VIR KATKISASIE LOKALE EN KERSMARKRUIMTE.

Met verwysing na 'n vorige berig in die Dienelkander oor hierdie saak bevestig die kerkraad **dat daar nog geen besluit oor die oprigting van die gebou geneem is nie**. Die kerkraad het in die lig van ernstige behoefte aan katkisasielokale en Kersmarkuitstalruimte slegs toestemming verleen dat 'n ondersoek geloods word.

Die Eiendomme Diensgroep is nog besig met hierdie ondersoek. So 'n ondersoek behels dat planne opgestel word sodat behoorlike kosteberekeninge gemaak kan word. Die verskillende planne wat deurlopend in die Skuur vertoon word is, is die resultaat van deurlopende aanpassings wat in die beplanningsfase gemaak word.

**Die finale plan met kosteberekening moet nog voor die kerkraad gelê word vir bespreking. Indien die kerkraad meen dat die projek haalbaar is, sal die kerkraad die gemeente ken en lidmate sal ruim geleentheid kry om insette te lewer <u>voordat daar 'n finale besluit geneem word.</u>**

Gerugte wat in die gemeente rondgaan dat die projek klaar goedgekeur is en dat die kerkraad voortgaan met die bouwerk, is onwaar en saai verdeeldheid. Lidmate word versoek om rustig te wees tot dat die saak voor die kerkraad gedien het en die kerkraad amptelik met die gemeente in gesprek tree.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en kuier
Kleuterbediening
Katkisasie Les 14
17:00 Aanddiens

**Maandag**
18:00 Kersmark komitee vergader

**Dinsdag**
06:00 Manne-ondersteuningsgroep
9:30 "Griefshare" - ds Piet
17:15 Katkisasie gr 8
18:00 Katkisasie gr 11

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
17:15 Katkisasie Gr 9
18:00 Katkisasie Gr 10

**Donderdag**
17:15 "Griefshare"- Carina

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag vir die Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en vir die Emeritusfonds (Klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die die Teologiese studentekas.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 10 en 11.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Maandag, 1 Augustus**
Br JD Aucamp
Jsr Limari Joubert

**Woensdag, 3 Augustus**
Sr Adéle Delport

**Donderdag, 4 Augustus**
Jsr Linde Oelofse

**Saterdag, 6 Augustus**
Br Jan-Harm Burger

Br Neels Coetzer
Br Petri Schutte *

* Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

**ONTHOU DIE DATUM: KAMP VIR OUERS EN KINDERS**



Ouers lees Bybelverhale, leer hul kinders bid en doen saam katkisasie, maar veral met klein kindertjies is Bybelstudies en kleingroepbyeenkomste meer chaos as leersaam. Ons eie geloofsgroei gaan staan soms stil.

Ons wil hierdie geleentheid gebruik om mekaar te bemoedig, suksesse te deel en ons geloofsgroei weer aan te wakker.

Datum: 28-30 Oktober
Plek: Rietspruitdam Ontspanningsoord
Tema: My geloofsgroei as ouer

Meer inligting sal later deurgegee word.

Om solank julle staanplek/huisie te bespreek, kontak
Marlise Styger (0836558145)

**KINDERFEES 2022**
***3 tot 7 Oktober 06:30 – 13:30***



Hierdie is die vierde jaar wat die Kinderfees aangebied word by die Oosdoppers in Rocherstraat Bailliepark.
Belangstellendes sal optree as groepleiers of selfs aanbieders waarvoor jy voorbereiding sal kry, indien nodig. Dit is vir laerskoolkinders (Gr R – Gr6/7) wat Afrikaans verstaan vanoor die hele Potchefstroom.

Program word aangebied in die vorm van 5 stasies waar die kinders in groepe roteer. In die stasies word die volgende aangebied:

1. Bybelstorie en toepassing
2. Onthouversie wat pas by die Bybelstuk van die dag
3. Handwerkitem maak wat pas by die tema van die dag
4. Speletjies – sommer net vir aandagbreker
5. Omgeegroepie ("Share and Care")

In die grootgroepverband word daar ook Grootgroepspele, Lofsang en aanbidding, en Waardeopheldering gedoen waar al die kleiner groepies bymekaar is. Die kinders word in 5 of 10 groepe ingedeel afhangende van hoeveel kinders daar is. Maksimum 10 kinders per groep en hulle word volgens ouderdom (ontwikkelingsvlak) ingedeel.

Elke groep het 'n jeuggroepleier (Graad 11-katkisant) en 'n volwasse groepleier (student of ander) Ons bied bietjie opleiding/voorbereiding vooraf aan net om jou gereed te maak vir die week. Dit sal geskied op 4 aande van 18:00 – 19:30.

***Indien jy belangstel om as groepleier/aanbieder op te tree by hierdie lewensveranderende geleentheid, skakel/whatsapp/e-pos die kontak-persoon:***
**Engela van der Walt**
**082 556 7806**
**engela.vdwalt1@gmail.com**

**KERKLIKE TYDSKRIFTE**

Die Kerkblad is in die voorportaal van die Skuur beskikbaar vir lidmate wat daarop ingeteken is.

## GKSA-NUUS

Beroep ontvang

Ds Johan Dunn van Keetmanshoop/ Mariental-kombinasie na GK Bothaville.

**KURSUS IN EVANGELISERINGSPRAKTYK**

Aanbieder: Prof. Henk Stoker van die Teologiese Skool Potchefstroom
Plek: Kerksaal GK Potchefstroom
Tyd: 18:00 - 19:00

Datums:
Dinsdag 2 Augustus - Inligtingsvrae
Dinsdag 16 Augustus – Leidende vrae
Dinsdag 23 Augustus - Struikelblokke
Dinsdag 30 Augustus - Dissipelmaking
Dinsdag 6 September – Skepper – Gesprekke met ateïste
Dinsdag 13 September – Verlosser – Gesprekke met kultes
Dinsdag 20 September - Middelaar – Gesprekke met kultes
Dinsdag 27 September – Sondaar – Gesprekke met Charismate

Alle lidmate is welkom. Laat weet asseblief vir Adele by ons kerkkantoor voor of op Maandag 1 Augustus, indien u die kursus wil bywoon.

## KENNISGEWINGBORD

- GK Kameeldrif Damesoggend
- Uitnodiging na vrouedag: NG Die Bult

---

## <u>ALGEMENE INLIGTING</u>

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

## KONTAKBESONDERHEDE

<u>Ds. Piet</u>: 018 290 5635 / 082 779 1237
<u>Hulpdiens</u>: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
<u>Kerkkantoor</u>: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
<u>Koster</u>: Dawie v Zyl – 082 774 7936

---

## BANKBESONDERHEDE

<u>Geref. Kerk Potchefstroom-Oos</u>
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

<u>Diakonie</u>
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

<u>Susters</u>
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

---



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Roma Visser en groep 6, Hannelie Pieters en groep 14, Marike Grobler en groep 24, asook Elsie Buijs en groep 32.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

## SUSTERSBYDRAE



Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| **Jul-Aug** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| **26 Jul** | **Dinsdag** | **18:00** | **Groepsusters** | **Groepsustersvergadering** |
| 30 Aug | Dinsdag | 18:30 | Blok A | Sustersamekoms |
| 11 Sept | Sondag | 19:00 | Blok D | Ouderlingverversings |
| 18 Sept | Sondag | 12:00 | Blok C | Nagmaalete |
| 3-7 Okt | Ma – Vry | 11:00 | Almal | Kinderfees |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!



"A baby is as pure as an angel and as fresh as a
blooming flower" – D Mridha

**Pienkvoet 4D Sonars**

BELEEF JOU ONGEBORE BABA
IN 4 DIMENSIES

Maak 'n afspraak tussen
28 en 32 weke
Whatsapp of sms
071 423 4270

Wat 'n voorreg om, saam met ouers, na een van God se grootste wonderwerke te kan kyk, terwyl hul nog totaal beskermd in hul eie wonderwêreld verkeer.
– Monica





TOETS JOU KENNIS

# Weet jy wie ek is?

Toets jou Bybelkennis met hierdie leidrade. Weet jy wie elkeen van hierdie mense in die Bybel is? Gebruik die wenke om jou te help. Lees eers die antwoorde onder as jy al 10 leidrade klaar gedoen het!

**1. Ek was in 'n leeukuil.**
Wenk: Ons lees dié verhaal in 'n Bybelboek met dieselfde naam. → Ek is ...

**2. Toe ek net agt jaar oud was, het ek 'n koning geword.**
Wenk: Lees 2 Kronieke 34:1. → Ek is ...

**3. Ek het koringare opgetel vir my skoonma, Naomi.**
Wenk: Die boek waarin jy van my lees, het my naam en ek is later met Boas getroud. → Ek is ...

**4. Ek het Israel uit Egipte gelei.**
Wenk: Lees Eksodus 3:10-12. → Ek is ...

**5. Ek het 'n ark gebou omdat die Here my so beveel het.**
Wenk: Lees Genesis 6:13 → Ek is ...

**6. Ek is deur 'n groot vis ingesluk.**
Wenk: Die Here het my na Nineve toe gestuur, én daar is ook 'n boek met my naam. → Ek is ...

**7. Ek was 'n dokter.**
Wenk: Lees Kolossense 4:14. → Ek is ...

**8. Ek het die Here se stem gehoor toe ek nog klein was.**
Wenk: Ek het gedink dit is Eli wat na my roep. Daar is twee Bybelboeke met my naam in! → Ek is ...

**9. Ek het baie reise onderneem om die evangelie te verkondig.**
Wenk: Lees Handelinge 13:13-14. → Ek is ...

**10. Ek het Jesus verraai.**
Wenk: Lees Matteus 26:47-49. → Ek is ...

Antwoorde: 1. Daniel 2. Josia 3. Rut 4. Moses 5. Noag 6. Jona 7. Lukas 8. Samuel (1 Samuel 3) 9. Paulus 10. Judas